

4 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 47 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 47:2

Juig almal, want Christus het oorwin

Die digter van die Psalm roep almal op om die Here te loof en te prys. Hy roep hulle op om met oorgawe die lof van die Here te besing. Die rede hiervoor is dat die Here vir sy volk 'n oorwinning bewerk het. Wat hierdie oorwinning is, word nie gesê nie, maar dis ook nie belangrik nie. Wat belangrik is, is dat dit die Here is wat die oorwinning bewerk het en dat almal Hom daarvoor moet loof.

En dit sluit ook in die volk wat oorwin is. Die rede hiervoor hoor ons in God se belofte aan Abraham dat in hom al die geslagte van die aarde geseën sal word. In die eerste plek sien ons dit in die feit dat Israel die lig van God se Woord moes laat skyn. Maar veral sien ons dit in Jesus Christus.

Die geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart van ons Here Jesus Christus is wonderlike gebeurtenisse wat dwarsdeur die hele mensdom se geskiedenis klink. Sy oorwinning is nie net beperk tot Israel, of dié wat dit gesien het nie. In Hom is elkeen wat glo, gered. Daarom word die Here se oorwinning vir Israel ook ons oorwinning en die oorwinning van al die ander volke. Want dit is Christus se oorwinning.

Sing Psalm 47:1, 4 (1936-beryming)

Ds AP de Jager (Vryheid)